

MODULE 12

BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW)

Nota aan die Onderwyser:

Leerders is aan die begrip BTW blootgestel in graad 11 toe die fokus op die berekening sowel as op die basiese beginsel van hoe BTW werk, geval het. Jy sal egter tyd moet spandeer aan die berekening en verseker dat die leerders die verskil verstaan tydens die berekening van BTW met behulp van 'n inklusiewe en teen 'n eksklusiewe prys.

Let egter daarop dat die BTW-regulasies in die finansiële jaar wat op 1 Maart 2008 begin het, verander het. Toe is die verpligte registrasie bedrag vir ondernemings wat vir BTW moet registreer van R300 000 tot R1 000 000 verhoog. In April 2018 was die BTW-koers vanaf 14 tot 15% vermeerder terwyl meer items as nul-koers bygevoeg was. Onderwysers moet op datum bly met enige verdere BTW-veranderinge om die vak relevant en werklik te hou – ons moet dus op die hoogte bly van die jongste ontwikkelinge.

Daar is verskillende metodes wat met die boekstaving van eise m.b.t. inset en uitset BTW aanvaar word. Die metode wat in die handboek gebruik word, is dat enige eise vir BTW-uitset (bv. debiteure-afslag) na die BTW-uitsetrekening gedebiteer word. Dit volg die basiese beginsel wat tot nou toe in rekeningkunde aanvaar is nl. die toepassing van paring en die kansellering van die betrokke rekening. Net so word 'n eis vir BTW-inset (bv. krediteure-afslag) teen die BTW-insetrekening gekrediteer.

'n Ander heeltemal aanvaarbare metode is dat eise van BTW-uitset gedebiteer word teen die BTW-insetrekening – m.a.w. indien goedere vir ons teruggestuur word, kan ons die bedrag van SAID terugeis. Op dieselfde manier word enige kansellasies van BTW-inset teen die BTW-uitsetrekening gekrediteer. Hierdie metode stem ooreen met die genoemde BTW 201-vorm aangesien SAID nie enige negatiewe op die vorm toelaat nie. Dit kan egter verwarrend wees vir die leerders omdat dit nie die beginsels tot op die stadium streng volg nie.

Ander terugseis waarmee die leerders vertrouwd moet wees, sluit in:

- Kansellering van BTW op onttrekkings van goedere / toerusting, ens.
- Kansellering van BTW op die korting toegestaan en korting ontvang.
- Kansellering van BTW op oninbare skuld.
- Terugskrywing van BTW op v/t tjeks gekanselleer.

Dit word alles in die handboek gedek. Ons raai jou sterk aan om een metode te aanvaar en daardie metode deurentyd te gebruik. Om leerders aan meer as een metode bloot te stel, kan verwarrend wees.

Jy moet in gedagte hou dat jy net een week het om aan die onderwerp te bestee. Kies uit die gekose opdragte watter jy dink vir jou klas gepas is. Dit is nie nodig om al die opdragte te doen nie. Leerders moet oefen en daarom kan die ekstra take vir huiswerk of hersiening gedoen word.

OPDRAG 12.1 **Basislynassessering: Paar kolomme**

KOLOM A		KOLOM B	
1.	BTW-inklusief	H	BTW is by die merkprys ingesluit.
2.	BTW-verskaffer	F	'n Onderneming met 'n jaarlikse omset van meer as R300 000.
3.	Insetbelasting	G	Die BTW deur 'n onderneming vir aankope betaal.
4.	BTW-faktuur	L	Dokument deur 'n geregistreerde verkoper as bewys van verkope uitgereik.
5.	BTW-eksklusief	C	BTW is by die merkprys uitgesluit.
6.	Nulkoersitems	K	Items wat van BTW vrygestel is.
7.	Tweemaandelikse betalings	J	Betalings wat elke tweede maand gemaak word.
8.	Fakturebasis	E	BTW is betaalbaar wanneer die faktuur uitgereik word of die naaste betalingsdatum.
9.	Uitset-belasting	A	Die BTW deur 'n onderneming ontvang uit verkope.
10.	Ontvangstebasis	I	BTW is slegs betaalbaar wanneer betaling ontvang word, hetsy ten volle of gedeeltelik.

OPDRAG 12.2 **Berekeninge**

Nr.	BTW-EKSKLUSIEF BEDRAG	BTW-BEDRAG	BTW-INKLUSIEF BEDRAG
1.	R400	R60	R460
2.	R700	R105	R805
3.	R360	R54	R414
4.	R680	R102	R782
5.	R1 090	R163,50	R1 253,50
6.	R260	R39	R299
7.	R320	R48	R368
8.	R850	R127,50	R977,50
9.	R1 500	R225	R1 725

OPDRAG 12.3 **Helen Gesondheidswinkel: Berekening van bedrag verskuldig aan / deur SAID**

Nr.	Besonderhede	Bedrae			Verskuldig aan / deur SAID	
		BTW uitgesluit	BTW	BTW ingesluit	BTW-inset	BTW-uitset
12.3.1	Helen koop handelsvoorraad op krediet van verskaffers.	R30 000	R4 500	R34 500	+R4 500	
12.3.2	Helen verkoop goedere	R20 000	R3 000	R23 000		+R3 000

	kontant.					
12.3.3	Helen verkoop goedere op krediet.	R24 000	R3 600	R27 600		+R3 600
12.3.4	Helen stuur voorraad wat sy op krediet gekoop het, terug.	R1 600	R240	R1 840	-R240	
12.3.5	Helen koop toerusting vir die onderneming op krediet.	R5 500	R825	R6 325	+R825	
12.3.6	Debiteure stuur goedere terug wat hul nie bestel het nie.	R1 200	R180	R1 380		-R180
12.3.7	Helen skryf oninbare skuld af.	R600	R90	R690		-R90
12.3.8	Helen onttrek handelsvoorraad vir persoonlike gebruik.	R1 000	R150	R1 150	-R150	
TOTALE					R4 935	R6 330
					VERSKULDIG AAN SAID VIR BTW = R1 395	

Nota aan Onderwysers:

Leerders behoort te verstaan dat 'n eenvoudige berekening ook gedoen kan word om die finale antwoord te kry, bv.: $-4\ 500 + 3\ 000 + 3\ 600 + 240 - 825 - 180 - 90 + 150 = R1\ 395$

OPDRAG 12.4 ☼💧

Hari Ysterwarewinkel: Berekening van bedrag verskuldig aan / deur SAID

Nr.	Besonderhede	Bedrae			Verskuldig aan / deur SAID	
		BTW uitgesluit	BTW-inset	BTW-uitset	BTW-inset	BTW-uitset
12.4.1	Bedrag oorgedra van vorige maand.				R2 415	R5 865
12.4.2	Helen koop handelsvoorraad kontant van verskaffers.	R15 000	R2 250	R17 250	R2 250	
12.4.3	Hari koop handelsvoorraad op krediet van verskaffers.	R42 000	R6 300	R48 300	R6 300	
12.4.4	Hari verkoop goedere kontant.	R18 000	R2 700	R20 700		R2 700
12.4.5	Hari verkoop goedere op krediet.	R33 000	R4 950	R37 950		R4 950
12.4.6	Hari se krediteure staan handelskorting toe op voorraad wat hy vroeër op krediet gekoop het.	R4 000	R600	R4 600	(R600)	

12.4.7	Hari koop skryfbehoeftes op krediet vir die onderneming.	R1 500	R225	R1 725	R225	
12.4.8	Hari staan kontant-korting toe aan debiteure vir vereffening van hulle skuld.	R1 700	R255	R1 955		(R255)
12.4.9	Hari ontvang kontant-korting van krediteure met vereffening van sy rekeninge.	R900	R135	R1 035	(R135)	
12.4.10	Hari skryf kontant korting op 'n geweierde tjek terug.	R250	R37,50	R287,50		R37,50
12.4.11	Hari koop 'n afleweringvoertuig vir die onderneming per tjek.	R110 000	R16 500	R126 500	R16 500	
12.4.12	Debiteure stuur goedere terug wat hulle nie bestel het nie.	R2 800	R420	R3 220		(R420)
12.4.13	Hari skryf oninbare skuld af.	R3 500	R525	R4 025		(R525)
12.4.14	Hari onttrek handelsvoorraad vir persoonlike gebruik.	R3 000	R450	R3 450	(R450)	
TOTALE					R26 505	R12 352,50
					VERSKULDIG DEUR SAID VIR BTW = R14 152,50	

Nota aan onderwysers:

Leerders behoort te verstaan dat 'n eenvoudige berekening ook gedoen kan word om die finale antwoord te kry, bv.:

$$-2\ 415 + 5\ 865 - 2\ 250 - 6\ 300 + 2\ 700 + 4\ 950 + 600 - 225 - 255 + 135 + 37,50 - 16\ 500 - 420 - 525 + 450 = -R14\ 152,50$$

OPDRAG 12.5
Muzi Musiekwinkel: Inskrywings direk in die BTW-Kontrolerekening
**ALGEMENE GROOTBOEK VAN MUZI MUSIEKWINKEL
BALANSSTAATREKENINGE-AFDELING**

Dt		BTW-KONTROLE			B		Kt		
20.8					20.8				
Aug	31	Krediteurekontrole #	KJ	2 100	Aug	1	Saldo	a/d	3 078
		Krediteurekontrole #	KJ	144		31	Bank	KOJ	1 980
		Debiteurekontrole	DAJ	165			Debiteurekontrole	DJ	960
		Debiteurekontrole	AJ	345			Krediteurekontrole	KAJ	270
		Saldo	a/b	3 774			Onttrekkings	AJ	240
				6 528					6 528
					Sept	1	Saldo	a/d	3 774

Kan gekombineer word.

OPDRAG 12.6
Kally se Rekenaarwinkel: Inskrywings direk in die BTW-Kontrolerekening
**ALGEMENE GROOTBOEK VAN KALLY SE REKENAARWINKEL
BALANSSTAATREKENINGE-AFDELING**

Dt		BTW-KONTROLE			B		Kt		
20.3					20.3				
Mei	31	Bank	KBJ	9 000	Mei	1	Saldo	a/d	6 270
		Krediteurekontrole	KJ	12 300		31	Bank	KOJ	16 500
		Bank	KBJ	33 000			Debiteurekontrole	DJ	8 250
		Debiteurekontrole	DAJ	1 200			Krediteurekontrole	KAJ	1 800
		Debiteurekontrole	KBJ	225			Debiteurekontrole	AJ	90
		Debiteurekontrole	AJ	1 050			Onttrekkings	AJ	1 350
				56 775			Saldo	a/b	22 515
									56 775
Junie	1	Saldo	a/d	22 515					

OPDRAG 12.7 ☼☼

Shaun Skoenwinkel: Inskrywings direk in die BTW-Kontrolerekening

**ALGEMENE GROOTBOEK VAN SHAUN SKOENWINKEL
BALANSSTAATREKENINGE-AFDELING**

Dt		BTW-KONTROLE					B	Kt	
20.4					20.4				
April	30	Krediteurekontrole	KJ	9 450	Apr	1	Saldo	a/b	15 600
		Bank	KBJ	8 550		30	Krediteurekontrole	KAJ	555
		Debiteurekontrole	DAJ	840			Krediteurekontrole	KBJ	675
		Debiteurekontrole	KOJ	630			Bank	KOJ	12 630
		Debiteurekontrole	AJ	1 200			Debiteurekontrole	DJ	6 375
		Krediteurekontrole	KJ	3 459			Debiteurekontrole	AJ	75
		Saldo	a/d	11 895			Onttrekkings	AJ	105
				36 015					36 015
									11 895
					May	1	Saldo	a/b	

OPDRAG 12.8 ☼☼☼

Fixx Meubelwinkel: Inskrywings direk in die BTW-Kontrolerekening

**GROOTBOEK VAN SHAUN SKOENWINKEL
BALANSSTAATREKENINGE-AFDELING**

Dt		BTW-KONTROLE					B	Kt	
20.6					20.6				
Oct	31	Bank #	KBJ	12 300	Oct	1	Saldo	a/b	17 100
		Bank #	KBJ	42 000		31	Krediteurekontrole	KBJ	1 020
		Debiteurekontrole	KOJ	765			Bank	KOJ	18 450
		Krediteurekontrole #	KJ	15 750			Krediteurekontrole	KAJ	1 860
		Krediteurekontrole #	KJ	705			Debiteurekontrole	DJ	21 600
		Debiteurekontrole	DAJ	1 950			Debiteurekontrole##	AJ	9
		Debiteurekontrole	AJ	825			Onttrekkings ##	AJ	990
							Saldo	a/d	13 266
				74 295					74 295
Nov	1	Saldo	a/b	13 266					

Kan gekombineer word.

Kan gekombineer word.

OPDRAG 12.9**Ekshay Modes: Grootboekinskrywings****Nota aan die onderwyser:**

Ons volg die metode waar BTW-inset of uitset gekanselleer word deur die teenoorgestelde te doen in dieselfde rekening as die oorspronklike transaksie. M.a.w. as die kredietverkope aan die kt. kant van die BTW-uitset ingeskryf word, word die debiteure-afslag gedebiteer na die BTW-uitsetrekening. Dit volg die metode wat die leerder altyd in rekeningkunde gebruik het.

Dit sal egter ook korrek wees as die inskrywing vir die debiteure-afslag gedebiteer is na die BTW-insetrekening. Alhoewel dit die individuele saldo's in die BTW-inset en BTW-uitsetrekening sal verander, sal die finale saldo van wat ons vir SAID skuld, dieselfde wees.

**ALGEMENE GROOTBOEK VAN EKSHAY MODES
BALANSSTAATREKENINGE-AFDELING**

Dt					BTW-UITSET					B	Kt
20.9					20.9						
Julie	31	Debiteurekontrole	DAJ	186	Julie	1	Saldo	a/b		4 320	
		BTW-kontrolerekening	AJ	13 089		31	Bank	KOJ		3 675	
							Debiteurekontrole	DJ		5 280	
				13 275						13 275	

Dt					BTW-INSET					B	Kt
20.9					20.9						
Julie	1	Saldo	a/b	2 300	Julie	31	Krediteurekontrole	KAJ		141	
	31	Bank (147.37 + 172.05)	KBJ	2 250			BTW-kontrolerekening	AJ		7 451	
		Kleinkas	KKJ	60							
		Krediteurekontrole	KJ	2 982							
				7 592						7 592	

Dt					BTW-KONTROLE					B	Kt
20.9					20.9						
Julie	31	BTW-inset	AJ	7 451	Julie	31	BTW-uitset	AJ		13 089	
		Saldo	a/d	5 638							
				13 089						13 089	
					Aug	1	Saldo	a/b		5 638	

OF

Dt					BTW-KONTROLE					B		Kt	
20.9	Julie	31	Bank #	KBJ	150	20.9	Julie	1	Saldo	a/b	2 020		
			Bank #	KBJ	2 100			31	Bank	KOJ	3 675		
			Petty cash	KKJ	60				Krediteurekontrole	KAJ	141		
			Krediteurekontrole	KJ	2 982				Debiteurekontrole	DJ	5 280		
			Debiteurekontrole	DAJ	186								
			Balance	o/b	5 638								
					11 116						11 116		
						Aug		1	Saldo	a/b	5 638		

#mag bygevoeg word.

OPDRAG 12.10 Rooibessie Winkel: Berekenings, Joernaalinskrywings, BTW-kontrolerekening

Nota aan die onderwyser:

Voordat die leerders met die opdrag begin, moet jy hersien watter bedrae inklusief is en watter bedrae eksklusief is.

- Bank, debiteurekontrole, krediteurekontrole en onttrekkings is **inklusiewe** bedrae. Dis is omdat ons die volle bedrag betaal of gefe het.
- Verkope, handelsvoorraad, skryfbehoeftes, toerusting ens. is almal **eksklusief**. Dit is omdat hulle in die boeke die werklike kosprys van die items boekstaaf. Die BTW bedrag tesame met hierdie bedrae tel op tot die kontrarekening, d.i. die inklusiewe bedrag.

12.10.1

Kontantontvangstejoernaal:

Bank	BTW-uitset	Verkope	Koste van verkope	Fooi-inkomste	Diverse rekeninge
92 000	12 000	63 400	47 550	16 600	0
	B				

Let wel: Beide verkope en fooi-inkomste is onderhewig aan BTW.

Berekening:

$12\,000 \div 15/100 = \text{Verkope} + \text{Diensgeld}$ ($80\,000 - 16\,600 = R63\,400$ vir verkope)

Bank: $12\,000 + 63\,400 + 16\,600 = R92\,000$

Kontantbetalingsjoernaal:

Bank	BTW-inset	Handelsvoorraad	Toerusting	Skryfbehoeftes	Krediteurekontrole		Diverse rekeninge
					Betalings	Betalings	
90 660	9 000	48 330	8 090	2 480	19 860	0	2 900 ^[1]
	B						

Berekening:

$(48\,330 + 8\,090 + 2\,480 + 1\,100) = 60\,000 \times 15\% = R9\,000$

Let wel: Daar is geen BTW-inset op onttrekkings of betalings aan krediteure nie.

Kleinkasbetalingsjoernaal:

Kleinkas	BTW-inset	Handels-voorraad	Verbruiks-goedere	Toevallige lone	Diverse uitgawes	Diverse rekeninge
2 840	183	900	180	1 437	140	-
	B					

Berekening:

$$900 + 180 + 140 = R1\ 220$$

$$1\ 220 \times 15\% = R183$$

$$2\ 840 - 183 - 900 - 180 - 140 = R1\ 437$$

Let wel: Daar is geen BTW op lone nie.

Debiteurejoernaal:

Debiteure-kontrole	BTW-uitset	Verkope	Koste van verkope
57 316	7 476	49 840	37 380
	B		

Berekening:

$$37\ 380 \times \frac{133.33}{100} = R49\ 840$$

$$49\ 840 \times 15\% = R7\ 476$$

$$49\ 840 + 6\ 977.60 = R56\ 817.60$$

Debiteure-afslagjoernaal:

Debiteure-kontrole	BTW-uitset	Debiteure-afslag	Koste van verkope
5 586.00	686.00	4 900	3 675.00
	B		

Berekening:

$$4\ 900 \times \frac{100}{133.33} = R3\ 675$$

$$4\ 900 \times 14\% = R686$$

Krediteurejoernaal:

Krediteure-kontrole	BTW-inset	Handels-voorraad	Toerusting	Verbruiks-goedere	Diverse rekeninge
34 960	4 560	24 680	4 320	1 400	0
	B				

Berekening:

$$34\ 960 \times \frac{15}{115} = R4\ 560$$

$$34\ 960 - 4\ 560 - 4\ 320 - 1\ 400 = R24\ 680$$

Krediteure-afslagjoernaal:

Krediteure-kontrole	BTW-inset	Handels-voorraad	Toerusting	Verbruiks-goedere	Diverse rekeninge
2 070	270	1 800	0	0	0
	B				

Berekeninge:

$$1\ 800 \times 15\% = R270$$

12.10.2 Algemene joernaalinskrywings:**AJ**

Dok	D	Besonderhede	Fol	Dt	Kt	Debiteure-kontrole		Krediteure-kontrole	
						Dt	Kt	Dt	Kt
14	31	Onttrekkings BTW-uitset Handelsvoorraad Voorraad geneem deur eienaar vir privaat gebruik.		1 265	165 1 100				
15		A. Straggler Rente op agterstallige rekening Rente gehef op agterstallige rekening		124	124	124			
16	31	BTW-uitset BTW-kontrolerekening BTW-uitset oorgedra na BTW-kontrolerekening	B B	23 106	23 106				
17		BTW-kontrolerekening BTW-inset BTW-inset oorgedra na BTW-kontrolerekening	B B	17 073	17 073				

Berekeninge:

$$1\ 265 \times \frac{15}{115} = R165$$

$$1\ 265 - 165 = R1\ 100$$

Let wel: Daar word geen BTW gehef op rente – dit is uitgesluit van BTW.

ALGEMENE GROOTBOEK VAN REDBERRY WINKELS
BALANSSTAATREKENINGE-AFDELING

BTW-UITSET					B			
Dt					Kt			
20.9					20.9			
Jan	31	Debiteurekontrolerekening	DAJ	735	Jan	1	Saldo	a/b 4 200
		BTW-kontrolerekening	AJ	23 106		31	Bank	KOJ 12 000
							Debiteurekontrolerekening	DJ 7 476
							Onttrekkings#	AJ 165
				23 841				23 841

#Kan gekrediteer word na BTW-inset.

BTW-INSET					B			
20.9					20.9			
Jan	1	Saldo	a/b	3 600	Jan	31	Krediteurekontrolerekening	KAJ 270
	31	Bank	KBJ	9 000			BTW-kontrolerekening	AJ 17 073
		Kleinkas	KKJ	183				
		Krediteurekontrolerekening	KJ	4 560				
				17 343				17 343

BTW-KONTROLEREKENING					B			
20.9					20.9			
Jan	31	BTW-inset	AJ	17 073	Jan	31	BTW-uitset	AJ 23 106
		Saldo	a/d	6 033				
				23 106				23 106
					Feb	1	Saldo	a/b 6 033

BTW-KONTROLEREKENING					B			
20.9					20.9			
Jan	31	Debiteurekontrolerekening	DAJ	735	Jan	1	Saldo	a/b 600
		Bank	KBJ	9 000		31	Bank	KOJ 12 000
		Kleinkas	KKJ	183			Debiteurekontrolerekening	DJ 7 476
		Krediteurekontrolerekening	KJ	4 560			Onttrekkings	AJ 165
		Saldo	o/b	6 033			Krediteurekontrolerekening	KAJ 270
				20 511				20 511
					Feb	1	Saldo	a/b 6 033

OPDRAG 12.11 Ontleding: transaksies

Nr	Joernaal	Algemene Grootboek		Bedrag
		Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer	
1.	KBJ	BTW-kontrolerekening	Bank	R3 000
2.	KOJ	Bank	Verkope	1 200
		Bank	BTW-uitset	180
		Koste van verkope	Handelsvoorraad	600
3.	KOJ	Bank	Verkope	540
		Koste van verkope	Handelsvoorraad	450
4.	AJ	Oninbare skuld	Debiteurekontrole	360
		BTW-uitset	Oninbare skuld	54
5.	KJ	Handelsvoorraad	Krediteurekontrole	3 480
		BTW-inset	Krediteurekontrole	522
6.	KBJ	Krediteurekontrole	Bank	3 801.90
		Krediteurekontrole	Korting ontvang	200.10**
		Korting ontvang	BTW-inset	26.10**
7.	KBJ	Nutsrekening	Bank	1 560
		BTW-inset	Bank	234
8.	KOJ	Bank	Debiteurekontrole	900
		Korting toegestaan	Debiteurekontrole	100***
		BTW-uitset	Korting toegestaan	13.04***
9.	AJ	BTW-uitset	Debiteurekontrole	20
10.	KOJ	Bank	Rente op vaste deposito	1 400.00

*Koste van verkope word op die eksklusiewe prys bereken.

**Of Korting ontvang van R174 (200.10 – 26.10)

***Of Korting ontvang R86.96 (100 – 13.04)

OPDRAG 12.12 Mary Handelaars: Vertolking, Teorie

12.12.1	Waarvoor staan BTW?
Belasting op toegevoegde waarde.	
12.12.2	Waarom moet Mary Handelaars vir BTW geregistreer wees?
Hul omset is meer as R1 miljoen.	
12.12.3	Wat is die verskil tussen inset en BTW-uitset?
BTW-inset: BTW betaal aan goedere en dienste vir die onderneming gekoop.	
BTW-uitset: BTW gehef (ingevorder) op goedere in die onderneming verkoop.	

12.12.4	Wat is die verskil tussen:																														
	<ul style="list-style-type: none"> • Standaard BTW 																														
	15% BTW wat op die meeste goedere en dienste in die land gehef word.																														
	<ul style="list-style-type: none"> • Nulkoers-BTW 																														
	Basiese essensiële items waarop die BTW-koers 0% is.																														
	<ul style="list-style-type: none"> • BTW uitgesluit? 																														
	Items waarop volgens wet geen BTW gehef kan word nie.																														
12.12.5	Gebruik die onderstaande inligting om die bedrag aan SAID verskuldig te verreken of die bedrag deur SAID verskuldig. Toon aan of die onderneming vir SAID geld skuld of omgekeerd.																														
<table border="1" style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <thead> <tr> <th style="text-align: center;">BTW-inset</th> <th style="text-align: center;">BTW-uitset</th> <th style="text-align: center;">Bewerkings</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td style="text-align: center;">24 600</td> <td style="text-align: center;">37 200</td> <td>Opening balance</td> </tr> <tr> <td></td> <td style="text-align: center;">120 000</td> <td>$920\ 000 \times \frac{15}{115}$</td> </tr> <tr> <td style="text-align: center;">66 000</td> <td></td> <td>$440\ 000 \times \frac{15}{100}$</td> </tr> <tr> <td style="text-align: center;">3 800</td> <td></td> <td>VAT amount given</td> </tr> <tr> <td></td> <td style="text-align: center;">(3 200)</td> <td>VAT amount given</td> </tr> <tr> <td></td> <td style="text-align: center;">(75)</td> <td>$575 \times \frac{15}{115}$</td> </tr> <tr> <td></td> <td style="text-align: center;">(615)</td> <td>$4\ 715 \times \frac{15}{115}$</td> </tr> <tr> <td style="text-align: center;">(135))</td> <td></td> <td>$900 \times \frac{15}{100}$</td> </tr> <tr> <td style="text-align: center;">94 265</td> <td style="text-align: center;">153 310</td> <td></td> </tr> </tbody> </table>		BTW-inset	BTW-uitset	Bewerkings	24 600	37 200	Opening balance		120 000	$920\ 000 \times \frac{15}{115}$	66 000		$440\ 000 \times \frac{15}{100}$	3 800		VAT amount given		(3 200)	VAT amount given		(75)	$575 \times \frac{15}{115}$		(615)	$4\ 715 \times \frac{15}{115}$	(135))		$900 \times \frac{15}{100}$	94 265	153 310	
BTW-inset	BTW-uitset	Bewerkings																													
24 600	37 200	Opening balance																													
	120 000	$920\ 000 \times \frac{15}{115}$																													
66 000		$440\ 000 \times \frac{15}{100}$																													
3 800		VAT amount given																													
	(3 200)	VAT amount given																													
	(75)	$575 \times \frac{15}{115}$																													
	(615)	$4\ 715 \times \frac{15}{115}$																													
(135))		$900 \times \frac{15}{100}$																													
94 265	153 310																														
153 310 – 94 265 = R59 045 owed to SARS																															
LET WEL:																															
Die negatiewe bedrae hierbo kan in die teenoorgestelde kolom as 'n positief ingeplaas word. Dit sal die finale totale verander, maar die bedrag verskuldig aan SAID sal dieselfde wees.																															
12.12.6	Die eienaar van Mary Handelaars het die rekenmeester aangesê om meer oninbare skuld af te skryf as wat daar werklik elke jaar is.																														
	(a) Waarom dink jy het die eienaar hierdie voorstel gemaak? Verduidelik kortliks.																														
	Hy kan geld terugeis van SAID en so die bedrag wat betaal moet word, verminder. Sal beteken dat daar meer kontant vir die onderneming beskikbaar is.																														
	(b) Die rekenmeester is nie bereid om dit te doen nie. Verduidelik kortliks waarom hy so voel – bepreek twee punte.																														
	<ul style="list-style-type: none"> • Dit is oneties om SAID in te doen – almal moet hul korrekte BTW aan SAID betaal. • Die eienaar en die rekenmeesters kan boetes / of gevangenstraf in die gesig staar indien SAID hulle uitvang. 																														

OPDRAG 12.13 **Willow Handelaars: Vertolking, Teorie**

12.13.1 Willow Handelaars **hoef nie volgens die wet as 'n BTW-verskaffer te registreer nie. Verduidelik kortliks waarom jy dink die onderneming geregistreer is .**

Die omset is nie meer as R1 miljoen nie, alhoewel dit amper is, maar hy **hoef nie te registreer totdat sy omset R1 miljoen oorskry nie.**

Rede:

Hy kan die BTW wat hy betaal het op alle goedere en dienste wat in die onderneming gebruik word, terugeis.

12.13.2 Gebruik die onderstaande inligting om te bereken watter bedrag BTW aan SAID verskuldig is of die bedrag deur SAID verskuldig. Toon aan of die onderneming geld aan SAID verskuldig is en of SAID die geld aan die onderneming skuld.

VAT Input	VAT Output	Explanation / Workings
122 000	56 000	Opening balances
	115 500	$770\,000 \times \frac{15}{100}$
49 500		$379\,500 \times \frac{15}{115}$
9 750		$65\,000 \times \frac{15}{100}$
	(75)	$575 - 500$
	(280)	VAT amount given
	(1 400)	VAT amount given
(240)		$1\,840 \times \frac{15}{115}$ (Note no VAT is charged on cash withdrawals)
181 010	169 745	

$169\,745 - 181\,010 = (R11\,265)$ verskuldiging deur SAID.

LET WEL:

Die minus bedrae hierbo kan in die teenoorgestelde kolom as 'n positief ingevoeg word. Dit sal die finale totale verander, maar die bedrag aan SAID verskuldig, sal dieselfde wees.

12.13.3 SAID raai al hul BTW-verskaffers aan om hul BTW-opgawes deur e-liassering in te dien.

(a) Wat verstaan jy onder e-liassering?

Stuur BTW-opgawes aanlyn – via die internet.

(b) Hoe kan SAID sekuriteit waarborg indien e-liassering gebruik word?

Alle ondernemings het PIN-nommers wat hulle moet gebruik as hulle e-liassering binnegaan.

(c) Wat is die voordeel van die ondernemings wat e-liassering gebruik?

Dit is vinnig en individueel **hoef nie na die SAID-kantore te gaan of van pos afhanklik te wees nie.** Betalings of terugbetalings geskied onmiddellik.

12.13.4

Nr.	STELLING	Waar/ Onwaar	REDE WAAROM ONWAAR
1.	BTW word teen 10% p.j. gehef.	Onwaar	BTW word teen 14% gehef.
2.	Dit is deur die wet verpligtend dat alle ondernemings as 'n BTW-verskaffer moet registreer.	Onwaar	Slegs ondernemings met 'n omset van meer as R1 miljoen moet registreer as 'n BTW-verskaffer.
3.	BTW gehef op dienste word as BTW-inset gehef.	Onwaar	Gehef op BTW-uitset.
4.	BTW betaal vir handelsvoorraad gekoop word as BTW-inset gehef.	Waar	
5.	Vars vrugte is uitgesluit van BTW.	Onwaar	Vars vrugte is nulkoers
6.	BTW word op brandstof gehef.	Onwaar	Petrol is uitgesluit van BTW.
7.	Rente verdien van die bank is onderhewig aan BTW.	Onwaar	Rente is BTW uitgesluit.
8.	Alle BTW word ingevorder deur die Departement van Arbeid.	Onwaar	BTW word deur SAID ingevorder.
9.	Die BTW periode is op een maand gebaseer.	Onwaar	Gebaseer op 'n tweemaandelikse periode.
10.	BTW-inset en BTW-uitsetrekenings word teen die handelsrekening afgesluit.	Onwaar	Afgesluit na die BTW-kontrolerekening.
11.	Die ontvangsbasis is die voorkeur metode van BTW-invordering.	Onwaar	Alle ondernemings is onderhewig aan die faktuurbasis. Slegs ondernemings met toestemming kan die ontvangsbasis gebruik.

OPDRAG 12.14 Etiek en kontrole

Nr.	Probleem	Oplossing
1.	Hy is nie 'n geregistreerde verskaffer nie. Hy hou die belasting wat hy hef vir sy eie voordeel of om die koste te dek van die BTW-inset wat hy vir sy verskaffers moet betaal.	'n Handelaar wie se omset onder R1 000 000 is, mag as 'n verskaffer registreer. Dit is bekend as vrywillige registrasie. Hy is dan in staat om die BTW-inset terug te kry wat hy vir die verskaffers betaal.
2.	Sy voorsien 'n opvoedkundige diens wat van BTW uitgesluit is. Alhoewel sy BTW-inset betaal, kan sy nie haar klante met BTW belas nie. Daar is dus nie 'n probleem in hierdie spesifieke geval nie.	-

<p>3.</p>	<p>Dit behels bedrog. Sy eis BTW-inset om haar BTW terugbetaling te verhoog.</p>	<p>Elke eis vir BTW-inset en uitset moet met die korrekte dokumentasie ondersteun word. Daar word van verkopers verwag om rekords vir 5 jaar te hou. Dit moet aan die SAID ouditeure beskikbaar gestel word. Daar word van verkopers verwag om akkurate inligting aan SAID te voorsien. Dit is 'n ernstige oortreding - sy kan dubbeld belas word met die bedrag BTW wat ontduik is en daarbenewens kan sy beboet word of in die tronk beland.</p>
<p>4.</p>	<p>Volgens wet moet 'n onderneming met 'n omset van R1 miljoen of meer registreer as 'n verskaffer. Frankie oortree dus die wet deur nie te registreer nie.</p>	<p>Hy sal by SAID moet registreer. Daar sal van hom verwag word om finansiële state vir drie jaar te voorsien. SAID kan 'n ondersoek loods. Gewoonlik is die beslissende faktor of die bedoeling was om BTW te ontduik. Hy sal waarskynlik boetes plus rente moet betaal.</p>
<p>5.</p>	<p>Dit behels bedrog. Hy baat deur die verminderde BTW-uitset ten koste van SAID. Sy klant kan ook voordeel trek uit hierdie reëling indien hy 'n BTW-verskaffer is omdat hy die faktuur met die hoër bedrag kan gebruik en BTW-inset op die faktuur eis.</p>	<p>Daar word van verkopers verwag om SAID te voorsien met akkurate inligting. Blarney pleeg bedrog wat strafbaar deur die wet is. SAID-ouditeure kan 'n volskaalse audit van sy boeke uitvoer asook op dié van die klant. Hy sal waarskynlik die BTW plus boetes en rente moet terugbetaal.</p>
<p>6.</p>	<p>Dit is in 'n direkte oortreding van die belastingwet wat behoorlike en volledige dokumentasie vir enige belastingeis benodig. Deur die opgawes betyds in te dien word geen boetes gehef nie.</p>	<p>Hy moet 'n boekhouer of rekenmeester in diens neem om hom te help om 'n behoorlike stel boeke te hou. Daar word van verkopers verwag om akkurate rekords vir 'n tydperk van 5 jaar te hou. As 'n geregistreerde ondernemer is hy wetlik verplig om te voldoen aan die vereistes van die belastingwet.</p>
<p>7.</p>	<p>Die boekhouer het die regte ding gedoen deur die fout aan die eienaar te rapporteer. Miranda se voorstel om die fout oor die hoof te sien is bedrog.</p>	<p>Die verskaffer se voorneme om belasting te ontduik, is opsetlik. Hierdie fout kan deur die SAID-ouditeure opgetel word en Miranda sal moet rekenskap gee van die BTW plus boetes en rente. Daar word van verkopers verwag om foute op BTW-opgawes te rapporteer sodat die nodige aanpassings gemaak kan word. Dit is die verkoper se plig om 'n goeie verhouding met SAID te handhaaf.</p>
<p>8.</p>	<p>Boetes en rente skep 'n ekstra koste wat 'n impak op wins het.</p>	<p>Haar kontantvloei-probleme kan verlig word as sy reël met SARS om haar opgawes op 'n latere datum in te dien. Die aansoek moet op skrif wees en moet volledig gemotiveer word.</p>

KONTROLELYS:

Vaardighede	Ja- bereik	Vereis meer aandag	Voltooi
Verstaan hoe BTW werk.			
Kan die bedrag van BTW bereken indien die prys gekwoteer eksklusief is.			
Kan die bedrag van BTW bereken indien die prys gekwoteer inklusief is.			
Verstaan die verskil tussen faktuurbasis en ontvangstebasis vir die betaling van BTW.			
Begryp die boetes verbonde aan bedrog en ontwyking.			
Verstaan die nodigheid om die joernale aan te suiwer om BTW te akkommodeer.			
Kan BTW-transaksies in die Algemene Grootboek boekstaaf.			
Verstaan die nodigheid vir volle openbaarmaking en behoorlike rekordhouding.			
Kan etiese kwessies rakende BTW bespreek.			